

# Bullwyn kan maar Maximus bedank

Seugnet Esterhuyse

Dieselfde dokter wat vir Maximus, Pretoria se eens afsnoet-hond, 'n nuwe neus gegee het, het 'n babahondjie met soortgelyke probleme se lewe gered.

Bullwyn, 'n ses maande oue rottweiler van Mamelodi, in die ooste van Pretoria, het onlangs baie ernstige bosluiskoors (Babesia) en bosluisbytkoors (Erlchia) opgedoen.

Sy hele snoet is weens die siektes aangetas wat veroorsaak het dat die weefsel en vel om sy neus doodgaan.

Die punte van sy ore is ook nie gespaar nie.

Dr. Gerhard Steenkamp, die veearts van die veeartsenykundefakulteit by Onderstepoort wat Maximus geopereer het, sê hy het nog nooit so iets gesien nie.

“Daar was nog nooit so 'n erge geval by die fakulteit nie. Daar was al in die verlede ander gevalle gewees waar 'n dier se tone of ore afgeval het weens die siekte, maar nie sy snoet nie.

“Ek het basies weer vel op Bullwyn se neus gesit,” verduidelik Steenkamp.

Hy het ook die dooie vel aan die hondjie se ore verwyder.

Steenkamp sê wat hy in Maximus se operasie geleer het, kon hy weer in Bullwyn s'n toepas.

Dr. Cherri Liebenberg, hoofveearts by die Mamelodi-dierekliniek, 'n gemeenskapsprojek van dié fakulteit, het Bullwyn se geval na Steenkamp verwys.

“Bullwyn was byna dood toe hy by my aankom,” vertel sy.

“Hy was reeds koud en sy hele gesiggie en ore was geswel. Hy is onmiddellik 'n bloedoortapping gegee.”

Liebenberg het die hondjie vir sowat tien dae intensief behandel, waarna Steenkamp se hulp ingeroep is.

Bullwyn kon Vrydag huis toe gaan.

Albei is dit eens dat voorsorgmedisyne baie belangrik is.

“Die kans is dan baie skraal dat 'n hond bosluiskoors of bosluisbytkoors kan kry,” meen Steenkamp.

Liebenberg sê diersiektes wat voorkom kan word deur byvoorbeeld die diere in te ent, te ontworm en te dip teen bosluise kom alledaags voor.

Die Mamelodi-dierekliniek het in Februarie vanjaar sy deure geopen.

Tot dusver is 401 honde en vier katte behandel vir onder meer bosluiskoors en -bytkoors, katgriep, hondesiekte, wurms en wanvoeding.

**By die dood gedraai ... Bullwyn speel met sy teddiebeer ná die operasie aan sy neus en ore. Foto: tiaan Fölscher**

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."

"This article represents the text exactly as it was published in the newspaper. Corrections regarding the article may have been made on subsequent dates. Please search the archive or other news sources for